# Ruach Bediening Nuusbrief

Januarie 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand ....1
2. Gebedsterapie sessies in Januarie 2024 ....2
3. Getuienisse ....2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....2
   a. Vrees ....2
   b. Word wakker! – Nege gawes ....3
   c. Liewe Sake van die hart ....4
   d. Omdat ek 'n veearts is ....4
5. So terloops ....5
   a. Vroue, ma's en dogters ....5
   b. Marie Muisknagies - Windhoek 26 Januarie 2024 ....5
6. Beplanning vir volgende maande ....7
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....8
8. Bybelskool ....9
9. Afsluitings Gebed ....9

## 1. Gedagte vir die maand








**1 Timótheüs 1:7**

**Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.**

## 2. Gebedsterapie sessies in Januarie 2024

| | |
|---|---|
| 68 | Gebedsterapie sessies in **Centurion** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 29 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 12 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 15 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 124 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

**Getuienis 1**: Oom is regtig die naaste wat ek aan 'n Pa ooit gekom het, dankie daarvoor Oom Sarel....Ek het uiterste respek vir Oom.

**Getuienis 2**: Volgens die EKG wat hulle nou gedoen het, makeer my hart niks nie. Maar volgens die EKG's wat laas Oktober gedoen is, het ek 'n hartaanval gehad. Die beskadigde aar het self herstel.

Die dokter sê sy het dit nog nooit gesien nie. Dis vir haar "vreemd".

Loof die Here, ons geneesheer! Die wapen wat teen my gesmee is, het niks permanente skade aangerig nie.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Vrees




Ons brein het 'n "rookverklikker" genaamd die amygdala. Sy werk is om voortdurend op die uitkyk te wees vir gevaar. Tragiese wêreldnuus, 'n knaende gesondheidsorg, spanning met 'n geliefde, vrese oor kinders, daaglikse verkeer, 'n oordrewe taaklys en ou wond wat heropen word deur 'n moeilike interaksie - al hierdie en meer kan deur ons brein loop en ons alarmstelsels baie keer per dag aktiveer.

Wanneer ons bedreig word, skep ons 'n vooroordeel teenoor negatiewe, selfsugtige, aggressiewe en bevooroordeelde gedagtes. Ons huisves ook traumatiese herinneringe in die bedreigingsentrums van ons brein. Gesondheid kom nie altyd uit medisyne nie. Wanneer vrees oorneem, wil ons vir almal wegkruip, veral God. Ons vrees hou ons in slawerny. Of ons nou bang is vir die toekoms, siek word of werkverlies ervaar – vrees kan ons beheer tot op die punt dat ons wegdraai en vir God wegkruip.

Deur gebed en aanbidding in God se teenwoordigheid, kan jy jou oë verskuif na die Een wat jou help om uit die skadu van vrees na die lig van vryheid te beweeg. Die meeste van die tyd kom geestelike, fisiese en emosionele gesondheid uit gemoedsrus van gees, hart en vrede van siel.

Moenie toelaat dat enige vrees wat jy ervaar 'n struikelblok skep om nie in God te glo nie. Hy is groter as enige vrees wat jy in die gesig sal staar.

**Kyk na hierdie lys van Geestelike betekenisse en wat vrees kan veroorsaak:**




- **Abdominale/Maag krampe** - Verlammende vrees wat jou keer om die oomblik te leef
- **Appiteit verloor** - Vrees en beskermingskwessies
- **Blaasprobleme** - Angs en vrees om te laat gaan
- **Diarree**– Weghardloop van: as gevolg van vrees / voel verwerp
- **Floutes** - Vrees vir die hantering van die lewe
- **Griep** - Vrees vir sosiale negatiwiteit en oortuigings
- **Sooibrand** - Oormatige vrees
- **Korwe/Hives** - Verberg klein vrese / oor reageer klein probleme
- **Inflammasie** - Vrees-aangrypende ontsteekte denkpatrone
- **Laringitis/Keelinfeksie** - Ervaar vrees of woede oor praat
- **Uitslag** - Verberg klein vrese / oor reageer klein probleme
- **Sciatica/Rug senuwees pyn** - Vrees finansies en wat jou toekoms inhou
- **Maagpyn** - Oormatige vrees en skuld
- **Maagprobleme** - Oormatige vrees

## b. Word wakker! – Nege gawes

Daar is Nege gawes in die Bybel uitgebeeld in 1 Kor.12:8 en ñ motivering om te profeteer in 1 Kor.14:1. Salwing, gawes om te genees, om te profeteer, om uit te basuin wat God sê wat fout is, wat gaan gebeur, om voor iemand te staan en met 'n Woord van kennis van God, te weet wat fisies of geestelik fout is met die persoon. Dit is GEREEDSKAP, om die werk te doen.

Nie status simbole wat jy mee spog en jou bo ander mense stel nie. Nie ere medaljes nie. Nie kwalifikasies om geldpreke mee te motiveer nie. God self sal mense motiveer om jou bediening te ondersteun.

Die Nege Gawes is nie Sertifikate en Toekennings nie, nie karakter eienskappe wat my of jou bo ander mense stel nie. Dit is Gawes van die Gees van God, dit is nie toekennings nie, ek herhaal, dit is gereedskap vir die werk van God, werk waarin Hy jou aanstel en uitstuur, dit is geskenke.

Daar is geen meriete nie, jy werk nie daarvoor nie. Net God alleen sal en kan die begeerte in jou opwek om dit te begeer, net God alleen weet hoekom Hy sekere mense uitkies en aanstel om bo die natuurlike verloop van die Natuur en van mense se lewens bevele te gee en dit wat beveel word gebeur. Net God die Heilige Gees kan jou by 'n sterwende of dooie, die heilige begeerte in jou opwek om die dood en of siekte te bestraf.

Die gawes is God's besluite, geskenke. Jy besit nie die krag nie, ek besit nie die krag nie, die Krag werk deur jou en my.
-Matthew 28:18-20 -"Then Jesus said, “All power in Heaven and on earth is given to Me." (Hy sê, gaan jy en doen wat Ek vir jou sê)
1."Go and make followers of àll people in the world.
2.Baptize them in the name of the Father and the Son and the Holy Spirit"

1 Kor.12:8 meld Nege gawes, Nege Kragte wat deur jou werk, God sê in: Jesaja 41:10:
Fear not! I am with you; Be not dismayed, for I am your God. I will strengthen you,Yes, I will"

Mense vra ook: Wat het Jesus bedoel met "Ek is die wingerdstok en julle is die lote?"
Jesus sê in Joh.15:5 - Hy is die Wingerdstok, die ware bron van lewe. Ek is maar een tak wat aan Hom verbind is, wat daardie lewe uit Hom put, soos takke die nodige voedingstowwe trek om te oorleef en te floreer.

*(Met erkenning aan - Herman Le Roux – 082 339 5874)*

## c. Liewe Sake van die hart

Hallo, dis ek Thabo. More ek gaan so by my kerk praat en ek noem hom: Muskiet Spray.

Nou kyk dit is summer en die muskiete hulle byt ons baie dan ons kan nie slaap nie. Nou omdat ons is moeg van nie slaap nie, ons is cranky met almal - by die werk met jou vrou en kinders. Dan almal sê: Eish, daai man het nie die mooi hart nie. Nou gaan by Shoprite en koop die muskiet spray wat hulle weghou dan jy gaan lekker slaap en jy sal nie weer cranky wees nie.

Dit gaan by ons lewe ook so as Jesus is nie by jou hart nie. Jy baklei met almal. Jy doen net die lelike goed en die Devil hy laaik dit baie en smile baie.

Nou julle vra: Thabo. Hoe ons kan die mooi en goeie hart kry sodat Jesus happy met ons gaan wees?

Nou ek smile mooi die golgate smile en sê: Net soos julle by Shoprite die muskiet spray gekoop het om die muskiete weg te hou, vra die Man by die wolke om jou muskiet spray te wees om die Devil weg te hou. Vra Jesus om jou te beskerm teen die daaglikse challenges. Lees jou Bible. Doen en dink die goeie goed. Help mense wat sukkel. Moenie vloek, gamble en die lelike goed doen nie.

Dan die Devil hy gaan sê. Eish. Daai man het Jesus se muskiet spray oor hom.

Shap, Shap - Van Thabo

## d. Omdat ek 'n veearts is

"Omdat ek 'n veearts is, is ek geroep om die tien jaar oue Ierse wolfhond Belker te ondersoek. Die hond se eienaars, Ron en Lisa en hul seuntjie, Shane, was almal baie lief vir Belker en het op 'n wonderwerk gehoop.

Ek het Belker ondersoek en gevind hy is besig om dood te gaan. Ek het die familie gesê ek kan niks meer vir hom doen nie en het genadedood voorgestel.

Ron en Lisa het gesê hulle dink dit sal goed wees as die sesjarige Shane ook die ondervinding kan meemaak en dat hy dalk iets daaruit sal leer.

Die volgende dag was ons bymekaar om die prosedure by hul huis te doen.
Shane was kalm en het die ou hond vir die laaste keer gevryf. Ek het gewonder of hy verstaan wat aangaan. Binne 'n paar minute het Belker sag heengegaan.

Die seuntjie het gelyk of hy Belker se heengaan sonder moeite of verwarring aanvaar.
Ons het almal 'n paar oomblikke bly sit en gedink hoe jammer dit is dat diere korter lewe as mense. Shane het skielik gesê 'Ek weet hoekom.'

Ons het almal na hom gekyk. Wat uit sy mond gekom het, het my verstom. Ek het nog nooit 'n meer vertroostende verduideliking gehoor nie.

Hy het gesê: 'Mense word gebore, sodat hulle kan leer hoe om goed te lewe, soos om almal altyd lief te hê, nê? Honde weet reeds hoe om dit te doen en daarom hoef hulle nie so lank hier te bly nie.'



- Leef eenvoudig
- Gee liefde vryelik.
- Gee werklik om.
- Praat vriendelik.

Onthou, as 'n hond jou leermeester was, sou jy dinge geleer het soos:

- As iemand wat jy liefhet tuiskom, hardloop om hulle te groet;
- Moet nooit nee sê vir 'n pretrit nie;
- Geniet die vars lug en die wind in jou gesig ekstaties;
- Neem af en toe 'n slapie;
- Strek voordat jy opstaan;
- Hardloop, baljaar en speel daagliks;
- Gedy op aandag en laat mense aan jou raak;
- Moenie byt as 'n grom genoeg is nie;
- Staan 'n oomblik stil op 'n warm dag en lê op jou rug op die gras;
- Drink op 'n snikhete dag baie water en lê onder 'n skaduweeboom;
- As jy gelukkig is, dans rond en swaai jou hele lyf;
- Geniet 'n eenvoudige, lang uitstappie;
- Eet met smaak en entoesiasme, hou op as jy genoeg gehad het;
- Wees lojaal, moet nooit iets voorgee wat jy nie is nie;
- As dit wat jy wil hê diep ingespit is, grawe tot jy dit vind;
- As iemand 'n slegte dag het, wees stil, sit naby en leun saggies teen hul aan."



*Skrywer onbekend, maar 'n sonde om nie te deel...*

## 5. So terloops ....




**a. Vroue, ma's en dogters**



Élke pa/man het 'n broek soos hierdie. Hou. Net. Op. Karring. Mens noem dit 'n "Saterdagbroek". Hy het 'n doel. Hy het waarde. Hy word waardeer. Los. Dit. Nou.

**b. Marie Muisknagies - Windhoek 26 Januarie 2024**

Januaries het altyd báie meer dae as ander maande! Of jy nou 'n werkgewer of werknemer is of was, ometewe!

As jy salarisse betaal het, soos wat ek vir meer as vyftig jaar bevoorreg was om te doen, nadat ek op 25-jarige leeftyd, my eie argiteksparaktyk begin het en of jy salaris gekry het, soos ek óók vir byna vyf jaar lank gekry het, maak geen verskil nie.

Desember kry jy vroeg jou salaris en dalk nog bonus óók, maar met die ekstra geldjies en Kersfees en Nuwejaar en dalk 'n vakansie voor, raak daai geldjies al skaarser en minder en is daar hier teen die middel van Januarie, nie meer velle oor om rieme van te sny nie...

Die laaste halfte van Januarie, moet jy die riem wat jou broek ophou, maar stywer trek want jou ekstrarolletjies wat jy met Desember se feestelikhede opgebou het, is ook klaar weggewerk en jy raak selfs dunner as normaalweg.

Boonop soek kinders boeke en skoene vir die nuwe skooljaar, en as Ma báie kinders gehad het, is daar heelwaarskynlik nog 'n ekstra kind die nuwe jaar in die skool...

Diep in die Bosveld, agter die Agterbosveld, anderkant die Maricorivier, in Betjoeannaland, stoei die Sendeling dubbel so hard as 'n gewone predikant want omdat hy 'n Sendeling is, word sy salaris deur die Kaapse kerk betaal, en dit is heelwat minder as die salaris van 'n pas afgestudeerde ongetroude predikant in Transvaal, al het die Sendeling jare se ondervinding en ses kinders, met 'n sewende enetjie op pad...

Die ses kindertjies sien óók met verwagting uit na die sewende enetjie, want dan gaan daar weer luukshede, soos poeiermelk, babakos en Marie-beskuitjies in die huis wees... en soms eet die baba nie al sy spesiale kos op nie en val daar krummeltjies in die rigting van honger kinders en mag die kinders beurte hou om die baba te voer, met self nou en dan 'n klein proetjie... en daarna die baba se bakkie uitlek...

Oor poeiermelk sal ek anderdag praat, want dít was net lank na Ma nie meer self die baba gevoed het nie... en dit was 'n gróót opgewondenheid ás daar poeiermelk beskikbaar was...

Die spens was altyd gesluit, met die sleutel om Ma se pols of rok se gordel want kos in die spens, moes veilig bewaar word van maand tot maand.. soms twee maande want Rustenburg was meer as honderd myl grondpad ver met sewentien hekke... en dikwels kon Pa nie die einde van die maand die nodige bekostig nie...

Die Rooibus (lees daai storie, as jy nog nie het nie) het net twee keer per week van Rustenburg gekom en dit was 'n voldag se bus ry, van 4u die oggend tot net voor sononder, ás jy gou moes gaan voorrade koop sonder om twee dae oor te slaap op Rustenburg.

Chant se winkel op Sikwane, het bittermin goed gehad naas meel en suiker ten duurste...

Heelbo op die hoogste spensrak, was daar vir maande 'n pakkie Marie koekies buite versoeking en buite bereik weggesteek vir 'n noodgeval, as die baba se tande begin jeuk en dít was wanneer honger kinderogies begin glinster het...

As die baba een Marie koekie kry, is die vol pak weer hoog op die spensrak weggebêre, maar dié keer in 'n digte koekblik, sodat daar nie dalk meit of insekte of iets aan kon peusel nie... want daai oop pak Marie koekies, moes 'n maand lank hou..

Soms, net in bederflike, oorvloed toestande, kon ons kinders op 'n Sondag dalk elkeen een Marie koekie kry...

Dán, het jy hom só geëet om die lekkerkry so lank as moontlik uit te rek...

Eers die rand af geknibbel of geknaag, soos 'n muis... Dan het die Mariebeskuitjie nog heel gelyk, al was hy bietjie kleiner...

Daarna, het jy stukkie vir stukkie, met smaak, weggepeusel, of geknaag, tot net Marie oorbly...

Laastens, het jy vir Marie heel in jou mond gesit en op jou tong gehou totdat sy soortvan net weggesmelt en tussen jou tande of onder jou tong gaan lê het...

Heerlik!

Byna Hemels...

Maar doop hom NIE!!

Jy dink jy's vinnig genoeg... maar jy is nie!!



Voor jy daai gedoopde een by jou mond bring, buig hy om en val op jou skoot of sommer al in die koffie...

Daardie reuk van 'n sagte papperige poeier van 'n Marie koekie in jou mond... bly vir meer as sewentig jaar in jou geheue...







## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE | DELMAS |
|---|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** | **2024** |
| Geen | 25, 26 Januarie | 18 Januarie | 22 & 29 Januarie |
| 2, 3 Februarie | Geen | Geen | 5 Februarie |
| 8, 9 Maart | 14, 15 Maart | 18 Maart | 4 & 11 Maart |
| 5, 6 April | 18, 19 April | 15 April | 8 & 22 April |
| 10, 11 Mei | 23, 24 Mei | 20 Mei | 6 & 27 Mei |

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE | DELMAS |
|---|---|---|---|
| 7, 8 Junie | 13, 14 Junie | Geen | 3 &10 Junie |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 29 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 19 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 16 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 21 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 25 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881






**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Here, ek erken vandag dat ek soms toelaat dat die vyand vrees gebruik om my fokus te verwyder op wat U, God my dalk roep om te doen gedurende 'n moeilike seisoen.
Here, help my in plaas daarvan om op vrees te fokus, om diegene rondom my te dien. Help my om kos in te samel vir 'n plaaslike koskas of uit te deel aan skoolkinders wat nie hul normale maaltye by die skool kan kry nie. Help my om kaartjies na 'n senior woonfasiliteit of 'n geskenkbewys aan 'n behoeftige gesin te stuur. Help my om te fokus op die liefde van ander, in plaas van my vrees. Here, ek weet dit is 'n daad van gehoorsaamheid aan U, Vader God. Laat U wil vir my lewe geskied, laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen.

Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke
Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee